

Dissiplinêre Procedure – Hoërskool Wonderfontein High School – Dissiplinêre Prosedure

Afdeling A is die klaskamer-roetine. Die onderwyser sal die debiete neerskryf en aan die einde van elke week die lys na Mnr Grove stuur. Mnr Grove plaas dan die leerder op detensie.

’n Leerder sit detensie wanneer sy debiete 100 bereik. Wanneer ’n leerder detensie gesit het, word sy debiete nie verwyder nie, dit bou op. Indien die leerder 500 debiete bereik sal hy/sy nie toegelaat word om skool by te woon totdat ons met die ouers of wettige voog kontak gemaak het nie.

Indien ’n leerder detensie mis, sal hy/sy gemeenskapsdiens doen op die daaropvolgende Vrydagmiddag. Indien hy/sy die gemeenskapsdiens mis, sal hy/sy tydelik geskors word vir twee dae. Na twee dae sal die leerder terugkeer skool toe en dan steeds sy/haar detensie sit.

Afdeling A

Vakverslag:

KODE A	Power probeerslag met huiswerk	5 debiete
KODE B	Geen huiswerk / geen boek	10 debiete
KODE C	Geen handboek / Klasnotas by skool	10 debiete
KODE D	Laat vir klas	10 debiete
KODE E	Pratery in klas / ongedissiplineerd	10 debiete
KODE F	Arrogant / ongeskik teenoor personeel.	20 debiete
KODE G	Geen taak gedoen / ingehandig	20 debiete
KODE H	Ontwrig mede-leerders	20 debiete
KODE I	Klasontduiking – (Bunking)	50 debiete
KODE J	Ernstige klasontwrigting	50 debiete
KODE K	Aggressief teenoor personeel.	100 debiete

Afdeling B

KODE 1	Probleme met skooluniform	10
KODE 2	Verontagsaam VLR / DLR / Dagbestuur	10
KODE 3	Ontwrigting van opening in saal/teerblad	10
KODE 4	Rommelstrooi op terrein / in klas	10
KODE 5	Dobbel / Kaartspeel	20
KODE 6	Laat vir skool	50
KODE 7	Verkeerde toesigklas	50
KODE 8	Selfoon/ oorfone. Mp3 speler / radio in klas	50
KODE 9	Ontwrigting van eksamenlokale	100
KODE 10	Vandalisme – skryf op banke / klasse	50
KODE 11	Skoolontduiking (Skool-bunk)	100
KODE 12	Rook of in besit van sigarette	100
KODE 13	Skiet klappers / eier gooiery, waterballonne of enige ander waterspeletjies.	100
KODE 14	Arrogant, ongeskik met enige personeel.	100
KODE 15	Onsedelike gedrag – spoeg/ ontklee / urinering / drink in enige manier by die skool / verteenwoordiging van die skool / in skooluniform.	100

Afdeling C: Ernstige oortredings

KODE 29	Onder invloed van alkohol, verbode dwelmmiddels op skoolterrein / verteenwoordiging van skool / uniform.	Onmiddellike 3 dae tydelike skorsing.
KODE 30	Verlaat skoolterrein sonder toestemming	Onmiddellike 3 dae tydelike skorsing.
KODE 31	Baklei / Aanranding	Onmiddellike 4 dae tydelike skorsing.
KODE 32	In besit van alkohol, dwelms op skoolgronde / skooluitstappies / in skooluniform.	Onmiddellike 5 dae tydelike skorsing.
KODE 33	Ernstige skade aan skoleiendom insluitend spuitverf / obskure / groot graffiti op mure / vensters of ander skoleiendom.	Onmiddellike 5 dae tydelike skorsing.
KODE 34	Enige vorm van aanranding met die doel om ernstige liggaamlike skade te berokken / seksuele aanranding.	Onmiddellike dissiplinêre verhoor met 'n tydelike skorsing tot die verhoor.
KODE 35	Diefstal of in besit van gesteelde goedere.	Onmiddellike dissiplinêre verhoor met 'n tydelike skorsing tot die verhoor.
KODE 36	Enige vorm van aanranding van 'n personeellid.	Onmiddellike dissiplinêre verhoor met 'n tydelike skorsing tot die verhoor.

- Herhaling van Afdeling B-kodes kan lei tot 'n dissiplinêre verhoor.
- Oortreding van enige Afdeling C-kode kan lei tot 'n dissiplinêre verhoor.